
Sing Sussa Sing!
Sing.
PRETORIA
11 – 14 SEPTEMBER 2025
DRAMA, STAATSTEATER
Christo Burger

# Aandag alle dames!

## Sing Sussa Sing!

### met Christo Burger

**VOEL DIT SOMS OF JOU GÔ BEHOORLIK UIT IS? WIL JY ONTSNAP VAN DIE ALLEDAAGSE WARRELWIND EN NET BIETJIE IETS BEHOORLIK EN LEKKER VIR JOUSELF DOEN?**

**SING SUSSA SING!**

**DIE ANTWOORD TOT AL JOU KWALE**

Beleef hierdie heerlike kompakte 4-dag koekerasie van saamsing en saamlag, gekombineerd met musikale pret onder leiding van dirigent, Christo Burger.

'n Projek spesiaal ontwerp vir dames, van alle ouderdomme, om te herlaai van die alledaagse stresse, te vergeet van hulle omstandighede, en weer opnuut te pronk!




Sus, dis tyd om Daan by die huis te los.



# Wie, wat, waar, hoe en hoeveel?



**WIE MAG DEELNEEM?**

Enige dames ouderdom 12 jaar en ouer mag inskryf – Dogters, ma's, ouma's, kleindogters & niggies!

**WAT KAN EK VERWAG BY SING SUSSA SING!?**

**AS DEELNEMER**

Christo Burger, met sy humoristiese en professionele aanslag lei die projek.
Elke sanger ervaar die nuutste sangtegnieke en musikale hoendervleis–oomblikke, maar met die fokus op genot!  Die projek se repetisies kulmineer tot die uitvoering van 3 of 4 heerlike spoggerige konserte vir vriende en familie. Die musiek se einddoel is 'n musikale fees vir elke liewe deelnemer en gehoorlid en word keurig saamgestel deur dirigent, Christo Burger en die musikale genie, Janine Neethling.

**WAAR VIND SING SUSSA SING! PLAAS?**

**KONSERT "VIBE" BY DIE DRAMA TEATER, STAATSTEATER!**

Die konsert is 'n vermaaklike, toonkrul lekker, saamsing, saamlag, kleurvolle teaterproduksie, afgerond met die stylvolle dames van ons massakoor, uitmuntende musiek, en natuurlik ons eie SUSSA TV glanspersoonlikheid, aanbieder en komediant – Marion Holm.

**VOORPORTAALVIERING – 'N BAZAAR BONANZA!**


SING
SUSSA
SING!
SKEDULE
Sing.
Ken jy Tant
Mossie?

# HOE LYK DIE SKEDULE VIR SING SUSSA SING!?

*Finale tye mag aangepas word per projek

## 11 SEPTEMBER
### DONDERDAG, DAG 1

| | |
|---|---|
| 17:00 - 18:00 | Registrasie |
| 18:00 - 20:00 | SESSIE 1 (Koor & Klavier) |
| 20:00 - 20:30 | POUSE |
| 20:30 - 21:30 | SESSIE 2 (Koor & Klavier) |

## 12 SEPTEMBER
### VRYDAG, DAG 2


| | |
|---|---|
| 18:00 - 20:00 | SESSIE 3 (Koor & Volle band ) |
| 20:00 - 20:30 | POUSE |
| 20:30 - 21:30 | SESSIE 4 (Koor & Volle band) |

## 13 SEPTEMBER
### SATERDAG, DAG 3

| | |
|---|---|
| 09:00 - 09:30 | Arriveer |
| 09:30 - 10:00 | Opwarming |
| 10:00 - 11:30 | Deursing (Koor & Volle band) |
| 11:30 - 12:00 | POUSE |
| 12:00 - 13:30 | Kleedrepetisie (Koor & Volle band) |
| 14:00 - 14:45 | POUSE |
| 15:00 - 16:30 | KONSERT 1 |
| 16:30 - 18:00 | POUSE |
| 18:00 - 18:30 | Maak gereed vir konsert |
| 19:00 - 20:30 | KONSERT 2 |
| 20:30 | EINDE VAN DAG |

## 14 SEPTEMBER
### SONDAG, DAG 4

| | |
|---|---|
| 09:30 - 10:00 | Arriveer |
| 10:00 - 10:50 | Opwarming en "totsienssê" |
| 12:00 - 13:30 | KONSERT 3 |
| 13:30 - 16:00 | POUSE |
| 16:00 - 17:30 | KONSERT 4 |



## HOE SKRYF EK IN VIR **SING SUSSA SING!**?

### STAP 1

Besoek **www.singsussasing.co.za**

### STAP 2

Kliek op die stemparty waarvoor jy wil inskryf:
'n Sopraan–stem of Alt–stem en volg die aanlyn instruksies.

- *Jy hoef glad nie musiek of note te kan lees nie.*
- *Daar is geen oudisieproses nie.*

### STAP 3

Omenby middel JuLie 2025 ontvang ingeskrewe dames die musiek vir die projek.

- *Bladmusiek (PDF) asook,*
- *Professionele oefensnitte (MP3's) van die stemparty waarvoor jy ingeskryf het.*

### STAP 4

Dames leer dan die musiek deur net lekker te luister in die gang van die alledaagse lewe, in die motor, op pad skool toe, by die werk of selfs terwyl sy kosmaak ens.

### STAP 5

Dames daag dan op vir die eerste repetisie 11 SEPTEMBER reg om net iets vir haarself te doen en die saamsing te geniet.

# Sentrale, hallo?



## HOEVEEL KOS DIT OM DEEL TE NEEM AAN SING SUSSA SING!?

’n NIE-TERUGBETAALBARE deelname fooi van **R750 pp** is betaalbaar vir deelname aan hierdie 4–dag fees.

## WAT SLUIT DIE SING SUSSA SING! PROJEKFOOI IN?

- Massas genot en lag
- Venue kostes
- Parkeerkostes
- Musikale elemente soos per projek bepaal
- Opnames en redigering van musiek
- Bladmusiekversorging (PDF formaat)
- Deelname kenteken per projek
- TIXSA–aanlyn platform fooie tydens aanlyn registrasie
- Bykomstighede vir die vertonings indien nodig
- Musiekregte met betrekking tot kopiereg en vertonings
- Musiekverwerkings
- Administrasie
- Kunstenaarsfooie

## WAT SLUIT DIE SING SUSSA SING! PROJEKFOOI NIE IN NIE?

- Deelnemers se reis– en verblyfkostes gedurende die projek
- Konsertkaartjies vir gehoorlede
- Maaltye vir deelnemers – Deelnemers bring ‘n heerlike kospakkie om te geniet tydens pouses
- Water tydens repetisies – Deelnemers mag hulle eie waterbottels saambring tydens repetisies




NASIONALE & INTERNASIONALE DIRIGENT
STIGTER VAN AKUSTIKA KAMERKOOR &
CAPITAL SINGERS MASSAKOOR
CHRISTO
BURGER
TV GLANSPERSOONLIKHEID
AANBIEDER & KOMEDIANT
MARION
HOLM
Ons eie
Sussa

# Wat is 'n vrou sonder haar wyn en skoene?

## BEPLANDE TYDLYN

**INSKRYWINGS VIR DEELNAME**
MEI – JULIE 2025

**KAARTJIES VIR GEHOORLEDE**
BESKIKBAAR VANAF JUNIE 2025

**MUSIEK AAN SANGERS**
MIDDEL JULIE 2025

**SING SUSSA SING!**
11 – 14 SEPTEMBER 2025




Sing.
Sing Sussa Sing!
SKRYF IN DAMES!
'n Aptyt vir mooi musiek,
en pret vir die boeke?
Christo Burger

